higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OUTOMOTIEWE HERSTEL EN ONDERHOUD
NKR VLAK 3

(6021033)

7 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

324Q1N2007

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Sketse moet netjies, duidelik en in goeie verhouding wees.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou


VRAAG 1

1.1 Noem VYF middels/bymiddels wat by brandstof gevoeg kan word om dit te verbeter. (5)

1.2 Noem DRIE metodes wat gebruik word 'n outomatiese smoorder te deaktiveer soos die enjin bedryfstemperatuur bereik. (3)

1.3 Gee TWEE redes waarom 'n vergasser sal oorvul (overfuel). (2)

1.4 Noem die komponente wat in FIGUUR 1 aangedui word deur slegs die antwoord langs die nommer (1–8) in die ANTWOORDBOEK te skryf.



FIGUUR 1 (8)

1.5 Maak TWEE netjiese, benoemde sketse om die verskil tussen 'n *positiewe wielvlughoek* en 'n *negatiewe wielvlughoek* te toon. (5)

1.6 Noem TWEE spesiale handwerktuie wat gebruik word wanneer wiele gebalanseer word. (2)


[25]

VRAAG 2

2.1 Noem SES voordele om ’n voertuig se wielsporing in stand te hou. (6)

2.2 Noem die prosedure om die aansitmotor uit ’n voertuig te verwyder in SES stappe, insluitend veiligheidsmaatreëls. (6)

2.3 FIGUUR 2 toon ’n aansitmotor. Benoem die komponente deur slegs die antwoord langs die letter (A–H) in die ANTWOORDBOEK te skryf.



FIGUUR 2 (8)

2.4 Noem die funksie van die reëlaar in ’n outomotiewe alternator. (3)

2.5 Noem die funksie van die gelykrigter in ’n outomatiewe alternator. (2)

[25]

VRAAG 3

3.1 Bespreek die funksie van die kompensator in die handremstelsel. (3)

3.2 Voltooi die tabel hieronder deur TWEE moontlike oorsake van elk van die volgende remprobleme langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

PROBLEEM	MOONTLIKE OORSAAK
Geen remme	3.2.1
Sponsagtige pedaal	3.2.2
Harde pedaal	3.2.3
Remme gryp of sluit	3.2.4
Remme trek na een kant	3.2.5

(5 × 2) (10)

3.3 Noem VYF komponente in die korrekte volgorde, beginnend met die battery, van elk van die volgende kringe van 'n konvensionele ontstekingstelsel:

3.3.1 Primêre kring

3.3.2 Sekondêre kring

(2 × 5) (10)

3.4 'n Kliënt kla van 'n kets in haar voertuig wat voortduur selfs nadat sy haar motor laat diens het.

Watter tipe toets sal jy eerste uitvoer om die oorsaak van die kets te bepaal? (2)

[25]

VRAAG 4


4.1 Noem SES veiligheidsmaatreëls en -prosedures om na te kom wanneer 'n voertuigenjin verwyder word. (6)

4.2 Waarom is dit nodig om 'n voertuig te toetsbestuur ná 'n enjininstallasie? (4)

4.3 Wanneer 'n enjin opgeknap is, word 'n kontrolelys gebruik om seker te maak al die stappe van montasie is gevolg.

Noem AGT vrae wat op die kontrolelys gevra word vir die installering van suierringe. (8)

4.4 Noem die komponente van die ewenaar wat in FIGUUR 3 aangedui word, deur slegs die antwoord langs die nommer (1–7) in die ANTWOORDBOERK te skryf.



FIGUUR 3

(7)

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou